12 September 2017

Eros Spesiale Skool vir Gestremdes is trots Afrikaans

“Niks staan in hulle pad nie ... hier is hulle trots om Afrikaans te praat.” Dit was die woorde van René Arendse, projekkoördineerder van Afrikaans.com in die Wes-Kaap, tydens die opwindende muurskildery-onthulling op Vrydag, 8 September by Eros Spesiale Skool vir Gestremdes in Athlone.

Die hele skoolsaal se hande skiet op in reaksie op die vraag : “Wie se mammas en pappas , oumas en oupas praat Afrikaans by die huis?” Weer eens ’n bewys dat Afrikaans tog so ‘n onmisbare deel van ons kultuur is.

Afrikaans.com wil deur die muurskildery leerders, personeel en gemeenskap herinner dat ons trots kan wees op ons moedertaal en dat alle sukses begin met ‘n droom.

Die Jaloersbokkies het die leerders vermaak met hul eg Kaapse liedjies en vertel die verhaal van Afrikaans in al sy kleure. Hulle is so eg Kaaps soos breyani en koesisters, soos ghoema en die winterreën.

Die hoogtepunt van die program was beslis die items wat deur die leerders van Eros gelewer is. Hulle het met trots Afrikaans voorgedra en selfs gekletsrym. Die lirieke hiervoor is deur een van die leerders geskryf.

Eros-leerders en hul toegewyde personeel maak ’n mens opnuut trots om Afrikaans te wees!

Wat behels die muurkunsprojek by skole?

Die Afrikaans.com-span verf een muur by elk van die deelnemende laer- en hoërskole en plaas foto’s en videomateriaal op sosiale media.

HOËRSKOLE
Hoërskoolleerders word aangemoedig om met die **hutsmerk #droomgroot17**, op sosiale media deel te neem aan die kompetisie. Die kompetisie het reeds afgeskop en **sluit op 31 Oktober**. Die wenner staan die kans om R10 000 te wen wat namens hom/haar in sy/haar droom belê sal word. (Gaan kyk by www.afrikaans.com en klik op die #DROOMGROOT-blokkie op die Tuisblad vir meer inligting oor die kompetisie.)

Gaan kyk gerus ook hier na foto’s en inligting oor die skole waar daar reeds mure geverf is: http://www.afrikaans.com/news-headlines/waarsitlekka/muurkuns

Meer oor die #droomgroot17-kompetisie vir hoërskole

Alle graad 8- tot 12-leerders regoor Suid-Afrika, kan met die **hutsmerk #droomgroot17** op **sosiale media** (Facebook/Instagram/Twitter) deelneem deur ’n **video** te maak waarin hulle

in Afrikaans op ’n kreatiewe manier spog met hulle talente. Die video moet dan opgelaai word en **Afrikaans.com moet in die pos ge-‘tag’** word. Leerders kan enige iets doen wat hul talent ten toon stel – van sing, dans, ’n instrument speel, tot stories vertel en rymklets.

Hoe die wenner bepaal sal word

’n Paneel kies drie uitstaande inskrywings en die finaliste word dan gevra om vir ons ’n motivering te skryf hoe die R10 000 gebruik kan word om ’n stappie nader aan hul droom te kom. Die algehele wenner kry die kans om te kies wat die prys moet wees – ’n kitaar, ’n rekenaar, ’n kort musiek- of skryfkursus, ens. waarna Afrikaans.com die geld beskikbaar stel en namens die wenner op sy/haar droom spandeer.

einde

Vriendelike groete

Annelie van Jaarsveldt
Redaksie

afrikaans.com

avjhome@mweb.co.za | 082 785 9158

Vir meer oor die muurprojek of vir ’n onderhoud, stuur 'n e-pos aan ons projekkoördineerder, René Arendse: rene.smartbusiness@gmail.com

Vir meer inligting of navrae oor Afrikaans.com, stuur ‘n e-pos aan:

Ingrid Erlank

Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com